Só moet 'n mens leer!

Bestuurskole wêreldwyd bevraagteken die tradisionele benadering tot leer. JANA MARAIS het gaan uitvra oor ideale (dalk utopiese) maniere van leer oor leierskap.

Tony van Marken

VERSIT BERGE

As jy wil leer hoe om sakebesluite te neem op 'n manier wat aan jou 'n mededingende voordeel gee, gaan klim 'n (hoë) berg, sê Tony van Marken, entrepreneur, waagkapitalis en voorsitter van Vox Telecom. "As jy byvoorbeeld Everest klim, is daar nie veel tyd om oor besluite – wat die verskil tussen lewe en dood kan beteken – te tob nie. Dit werk ook só in die sakewêreld. As daar ses maatskappye is wat in 'n oorname belangstel, is dit die maatskappy wat die vinnigste 'n besluit kan neem en 'n aanbod op die tafel kry wat die beste kans op sukses het." Dit is hoekom Van Marken, wat die hoogste berge op al sewe kontinente geklim het, die hele Vox-bestuurspan in 2007 tot bo-op Kilimanjaro gelei het. Dit lyk of hy 'n punt beet het: Vox het verlede jaar reeds nege maatskappye voor sy groter mededingers se neuse opgeraap.

DIE WÊRELD AAN JOU VOETE

Jan-Paul Roodbol

Jan-Paul Roodbol, 'n uitvoerende bestuurslid by die versekeringsgroep AIG en alumnus van die USB, droom van "werklik globale" bestuurskole. "Dink net as jy elke drie maande vir twee weke op

'n ander kontinent, of elders in Afrika (buite Suider-Afrika), kan klasdraf." Ook prof Nicholas Biekpe, dosent by die USB, dink nouer bande met veral ander Afrika-lande is noodsaaklik vir die Suid-Afrikaanse bestuurskool van die toekoms. "Essensiële leierskapprogramme wat in vennootskap met groot maatskappye en plaaslike opleidingsinstansies regoor die kontinent ontwerp word, moet deel van die MBA-leerproses uitmaak. Dit kan tot die ontwikkeling van die kontinent as geheel bydra," sê hy.

DRAF KLAS BY SIR RICHARD

Deon Wessels

Akademici by bestuurskole sal in die toekoms meer dikwels opsy moet staan vir sakeleiers wat die realiteit van hul onderskeie bedrywe vir studente kan toelig.

Deon Wessels, USB-oudstudent en 'n konsultant by The Mineral Corporation, wil by die groot geeste in die sakewêreld leer. "Ek droom van klasdraf by mense soos sir Richard Branson, Bill Gates en Jack Welch. En in plaas daarvan om menslikehulpbronbestuur in 'n klaskamer te leer, behoort 'n mens eerder vergaderings van die Kaapse stadsraad by te woon!"

Roodbol sê elke vak-gebied behoort ten minste een lesing af te staan aan 'n sakeleier wat die spesifieke vakgebied se praktiese toepassing kan verduidelik. "Dit kan plaasvind deur video-konferensies vanaf enige plek in die wêreld, of deur die kampus te besoek," sê hy.

STAP VOOR

Avril Turpin, 'n huidige MBA-student, sê: "Vergeet van tradisionele vakke … dit is kennis wat jy in enige onderneming kan opdoen. 'n MBA moet studente toerus om toekomstige leiers van die bedryf te wees. Hulle moet die vermoë ontwikkel om 'n span te lei om in hul 'droom' – die maatskappy se strategie – te glo, en dit te onderskryf en te implementeer. Het die ideale kandidaat die karakter om deur te druk wanneer dinge moeilik raak? Dit is eienskappe wat ontwikkel moet word. Kom ons verdwaal in die Amasone,

Avril Turpin

klim sneeubedekte bergpieke, raak vasgevang in sneeustorms en toon die karaktervastheid, doelgerigtheid en leierskapkwaliteite wat dit verg om ons spanne uit hierdie situasies te kry."

MAAK GELD

As Wessels sy MBA kon oordoen, sou hy klasdraf in 'n geldmaakgeleentheid omskep. "Dink net – jy stap in 'n MBA-klas in wat soos 'n werklike maatskappy met direkteure en winsmotief funksioneer, met die dosente wat as mentors optree. Dalk behoort jy net graad te vang as die maatskappy 'n wins getoon het? Ná afloop van die MBA kan die onderneming weer aan die bestuurskool verkoop word en die studente kan in die wins deel," sê Wessels. "Of wat van 'n MBA-realiteitsreeks soos The Apprentice? Die groep wat die meeste geld of punte verdien,

> **"Kom ons verdwaal in die Amasone, klim sneeubedekte bergpieke, raak vasgevang in sneeustorms …"**

kry 'n bonus of afslag op hul klasgelde. Aan die einde van die dag kos 'n MBA jou geld en tyd wat natuurlik die moeite werd is, maar hoe kan jy ryker word terwyl jy swot – en nie net slimmer en wyser nie?"

Skole wat innoveer en leer

Red die aarde

MBA-programme gaan nie meer net daaroor om te leer geld maak nie – al meer bestuurskole skenk ook aandag aan kwessies soos korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, omgewingsvolhoubaarheid en die bestuur van liefdadigheidsorganisasies. Stanford se bestuurskool in die VSA vergoed studente byvoorbeeld finansieel vir internskappe by staatsdepartemente en organisasies sonder winsbejag. Stanford-studente kan ook maatskaplike entrepreneurs in derdewêreldlande gaan help eerder as om op studiebesoeke na ander bestuurskole te gaan. Van die onderwerpe wat bestudeer word, sluit kwessies in soos aardverwarming, beleggings vir maatskaplike verandering en die oorbrugging van die digitale gaping.

Leer om to lei

Internasionaal begin al hoe meer bestuurskole met programme wat studente met akademiese kennis toerus terwyl hulle terselfdertyd die studente se praktiese vaardighede verbreed en hul waardes en individuele karaktereienskappe ontwikkel, sê prof Eon Smit, direkteur van die USB. Die USB het daarom 'n unieke proses ontwikkel om individue se leierskapeienskappe oor die duur van die kursus te ontwikkel. 'n Persoonlike ontwikkelingsplan word vir elke student ontwerp en gereelde terugvoer vind plaas. Leierskapontwikkeling word ook in klasverband gedoen deur leierskaprade te stig waar studente mekaar bystaan en saam ontwikkel.

Virtuele realiteit

INSEAD, met kampusse in Frankryk en Singapoer, is die eerste bestuurskool ter wêreld om 'n kampus in die virtuele realiteitswêreld Second Life te begin. Verskeie groot maatskappye het hul eie "winkels" in Second Life, en heelwat Second Lifers verdien reeds 'n werklike inkomste deur hul bedrywighede in die virtuele wêreld. Die doel van dié INSEAD-kampus is nie net om die skool onder toekomstige studente te bemark nie, maar ook om sy eie studente te leer hoe om in die digitale ekonomie sake te doen.

Praat in tale

Die London Business School (LBS) probeer om studente soveel moontlik praktiese ervaring en 'n globale uitkyk te gee. Studente moet onder meer vir vyf dae 'n bestuurder in sy werkplek waarneem, 'n maatskappy se organisatoriese kultuur ondersoek en teen betaling konsultasiewerk verrig. Om by die LBS te gradueer, moet studente ook teen die einde van die kursus in 'n ander taal buiten Engels kan kommunikeer. Die LBS bied klasse in Frans, Duits, Spaans, Mandaryns en Japannees aan.

Bou iets nuuts

By IMD in Switserland werk studente saam met beginnermaatskappye en entrepreneurs om self die uitdagings van 'n nuwe maatskappy te ervaar. Die MBA-span moet óf 'n volledige sakeplan opstel wat 'n sake-idee in 'n suksesvolle onderneming kan omskep, óf hulle moet die nuwe maatskappy raad gee oor 'n spesifieke aspek soos strategie. □